Noble Private Portfolios
Independent Asset Managers

Mei 2018

## Wêreldekonomie

Die VS se 10-jaarstaatseffekte het 'n hoogtepunt van 3,13% bereik en toe tot 2,93% geval, ongeveer 20 basispunte laer, positief vir die ekonomie en vir aandele op die oomblik. Die olieprys, wat 2017 met $66,50 afgesluit het, het $80 bereik en tot $75 teruggesak na die nuus dat albei Rusland en OPUL dit sterk oorweeg om produksie met 'n miljoen vate per dag te verhoog. Die MSCI-wêreldindeks het slegs +0,3% gestyg in 2018 in dollar terme. Ongeveer 48% van die indeks buite die VS het onlangs seergekry deur die val van bykans al die geldeenhede teen die dollar. Die eerste kwartaal se bedryfsverdienste vir die S&P 500 Indeks was +26% jaar tot jaar met belastingverlagings wat ongeveer 40% van hierdie voordeel bydra. Die nuutste VS werkloosheidskoers van 3,8% is die laagste in 49 jaar. 'n Sterker dollar het ontluikende markte ondermyn, wat alreeds onder druk is weens stadiger Chinese groei en die dreigende vooruitsig van handelsoorloë.

## SA Ekonomie

SA se verbruikersinflasie het tot 4,5% jaar tot jaar in April 2018 gestyg. Die SA Reserwebank het besluit om rentekoerse onveranderd te laat in ooreenstemming met verwagtings. S&P het besluit om Suid-Afrika se kredietgradering onveranderd te laat in ooreenstemming met markverwagtings. Graderingsvooruitsigte is stabiel. S&P het gewaarsku dat SA se gradering verlaag kan word indien eiendomsregte sou verswak. Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuigmark het met 2,4% in Mei tot 42 984 eenhede gegroei, vergeleke met dieselfde maand verlede jaar. Suid-Afrika se seisoenaal aangepaste Absa Koopbestuurdersindeks (KBI) het in Mei terug gesak in negatiewe terrein. Albei grade van petrol, 93 en 95 (ULP & LRP), sal met 82c 'n liter verhoog word, het die Departement van Energie (DvE) aangekondig. Die dollar-olieprys is tot dusver in 2018 +15,2% op sy hoogste vlak in drie en 'n half jaar, terwyl die rand-olieprys +17,3% is. SA se handelsrekening het 'n surplus van slegs R1,14 miljard in April 2018 aangeteken, laer as markverwagtings.

## Tendense en geleenthede

- Nog drie koersverhogings word vanjaar in die VS verwag.
- SA rentekoerse sal na verwagting onveranderd bly tot laat in 2019.
- Daar word verwag dat SA se inflasie koers steeds hoër sal styg.

*"Nothing is more difficult, and therefore more precious, than to be able to decide." –*
***Napoleon Bonaparte***

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional